



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

20 Julie 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Joël 2:12—32

Teks: Joël 2:28-29

Sing: Ps 97:1,7; Ps 94:7,12; Ps 30:3;

Sb. 14:1,2 (8-1:1,2)

DIE DAG SAL KOM

Ons groepeer ons hoofgedagtes soos volg. Eerstens die dag wat dui op sprinkane, droogte verwoesting. Tweedens die alternatief, daar kan bekering wees, want as hierdie bekering plaasvind, daar is regtig verandering onder die mense, dan sal alles anders kan wees. Laastens die Heilige Gees is die Een wat vir ons hier tot in die fynste besonderhede alles en in almal God se teenwoordigheid uitspel.

KATKISASIE— Geen katekisasie vandag
Katekisasie lesse vir Laerskool op internet
beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEDE EREDIENS (10h30)

Skriflesing: Romeine 7

Kategismus: Sondag 44

Teks: Romeine 7:7

Sing: Sb 34:2,3 (2-2:2,3); Ps 34:6;

Ps 84:1

OM TE BEGEER

Die grondslag wat in die oortreding van al die gebooe lê begin by 'n sondige begeerte. Begeerte wat in die paradys al die eerste sonde aan die gang gesit het. *Eva het besef dat die boom se vrugte goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry.....* Hier het die grootste verwoesting in menselewens juis op die punt van begeerte begin.

VISITASIE

Ons as gemeente sal DV op 14 Aug. 2014 visitasie ontvang. As enige lidmaat graag die visitatore wil ontmoet is u welkom om sodanige afspraak deur die skriba te reël. Die visitatore sal wees di. C Aucamp en H Stavast soos deur die klassis in Sept. 2013 ooreengekom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 6 en 7 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico v/d Dussen

Diakens: Alwyn Wolmarans en Reuben Grobler

Diensbeurt (27/07) (Wyke 10 en 11)

Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis

Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Met leedwese het ons verneem dat br Theron Theunissen (**br Danie Theunissen se broer en tegelyk sr Susan Nienaber in ons gemeente se swaer**) in die week oorlede is. Ons bid hulle en hulle families die troos van die Heilige Gees toe. **Sr Anna van Dyk** het geval en seergekry. Ons dink aan haar en mag die Here gee dat daar ook gou weer vir haar beterskap mag wees. Ons is die Here baie dankbaar vir die verbetering wat by **br Dries de Ridder** ingetree het. Mag die goeie hand van die Here wat hierdie ge nade bewerk dit ook bevestig en laat voortduur. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaans bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. Hulle is op die stadium wel met vakansie. **Sr Winnie Lourens** is ons dankbaar om van beterskap te kon verneem. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewing. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

BESKUITPROJEK

Graag versoek ons u weer om as dit moontlik is kontant-bydraes tot vanjaar se beskuitprojek vir ons lidmate 70 jaar en ouer te maak. Graag wil ons susters elke jaar vir ons senior lidmate hiermee hulle meeewing betoon. Tot op hede was die skenking van bestanddele en kontant nog karig. **Daarom die versoek dat om die projek nou so gou moontlik van die grond te kry dat kontant-skenkings in besonder baie sal help.** Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek was op 8 Jun uitgegee. As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak.

BELYDENIS EN ONDERWYS-KONFERENSIE

Hierdie besondere geleentheid word beplan om 31 Julie 2014 by die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar plaas te vind. Dit begin 17h00 die middag. Al die inligting is op kennisgewingsbord aangebring. Dit belooft om die saak van onderwys en kerk-wees en die doop en opvoeding nou aan mekaar te bind.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Instandhouding
27/07/2014 1ste diens	Paul Kruger kindershuis	Jeugsorg
2de diens	DVB	Instandhouding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
21/07	Skole heropen
22/07	Finans/Advies vergd
24/07	Kerkradsvergd
25/07	Deputate vergd met APK en VGKSA
30/07	Art 48 Deputate vergd
31/07	Belydenis-en onderwys konferensie
14/08	Kerkradsvergd en visitasie

PAUL KRUGER KINDERHUIS

75 jaar oud!

Die President Kruger kindershuis is vanjaar 75 jaar oud. Daar word 'n heerlike kuier vir 15 Aug. 2014 beplan met vermaak verskaf deur die Con Gracia sanggroep. Dit vind plaas by die Hoërskool Oos-Moot. Kaartjies beloop R200-00. Dit sluit 'n ete in. Enige verdere navrae en aankope vir kaartjies kan of deur sr Retha v/d Merwe (0837520930) of sr Wilna v/d Merwe (0827764823) gedoen word.

BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkrad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die [projek](#) na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons [webblad](http://bit.ly/1q8Ag4h) by <http://bit.ly/1q8Ag4h>

Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verledede week

MATTHEÛS 19

By die Fariseërs was daar al baie verskil oor hierdie vraag. Die volgelinge (ook genoem "skool van") rabbi Hillel het egskending toegestaan om verskeie ander redes as net egbreuk. As 'n man net moeg geword het vir sy vrou, is dit toegelaat, of as hy 'n ander vrou wou hê, of as sy vrou se kosmaak net nie na sy smaak was nie. Die skool van rabbi Schammai was baie strenger, en het net by ware egbreuk skeiding goedgekeur.

As Jesus dus 'n minder streng rigting inslaan in Sy antwoord, wou hulle Sy hele prediking belaglik maak. As Hy strenger oor die vraagstuk is, sou baie Hom ophou volg, en Hy kon dalk net soos Johannes die Doper in botsing met Herodus en sy hou-vrou kom.

19:4-6, het julle nie gelees – Christus verstrick hulle weer in hulle eie vraag deur hulle na die Woord van God te neem. Hulle eiewillige siening van die Woord word weer teen hulle gedraai, want hulle het voorgegee dat hulle die Wet so streng hou. Hy bring hulle by die oorspronklike daarstelling van die huwelik deur God.

Een vlees – Die wonder van 'n huwelik en God se bedoeling daarmee word voor almal se oë uitgestal. Jesus gebruik die *enkeelvoud*: man en vrou – nie "vroue" nie. In die begin was daar geen opening gelaat vir poligamie of egskending nie. Waarom vra die Fariseërs nog daarvoor? Verstaan hulle dan nie?

En gesê het – In Gen 2:23-24 word die woorde wat Jesus hier gebruik het, aan Adam toegeskryf. As Jesus sê **God** het dit gesê, beteken dit dat Adam onder die HERE se inspirasie hierdie woorde gebruik het.

Aankleef – Letterlik: hy sal aan sy vrou "vasgeplak wees". In Engels kan die woord "adhere" gebruik word. Dit druk die naaste, sterkste en hoogste moontlike binding uit – selfs hoër as die binding aan die ouers uit wie die man gebore is! In die huwelik kom daar 'n geestelike en fisiese binding, sodat die twee *werklik één* word. Paulus beklemtoon hierdie eenheid ook in 1 Kor 6:16 en Efes 5:31.

Sodat hulle nie meer twee is nie – die gebruik van die Grieks is so, dat dit aanwys dat Jesus nou nie net van Adam en Eva praat nie, maar van alle

huwelike.

Mag geen mens skei nie – Egskeiding behoort vir ons net so onmoontlik te wees, as wat 'n mens jouself kan skei.

19:7, het Moses dan beveel – Die Fariseërs maak hiermee van Moses se persoon 'n grootheid teenoor God, Wie tog hierdie Woord deur Moses gegee het. Al kon hulle baie vroom uit Moses en die Profete aanhaal (die Ou Testament), was dit telkens om hulle eie bedoelings in te lees daarin. Hulle meen dat hulle Jesus nou met 'n aanhaling uit die Skrif (Deut 24:1,2) in 'n hoek sou dryf. As Hy Moses sou weerspreek, staan Hy teen die Woord.

(Hulle maak maar net soos die duivel by die versoeking in die woestyn, toe hy ook met 'n mis-aanhaling uit die Woord gekom het. Dit toon duidelik waarom Jesus hulle later kinders van Satan genoem het. Die vader van die leuen is *hulle* vader.)

Hulle fout was dat hulle nie wou besef het dat hulle in Jesus te doen het met die Woord Self nie. Hy is ook die *inhoud* van die Woord.

19:8, Moses. . . toegelaat – In die eerste plek *weet* Christus dat Moses nie egskending met daardie reëling wou aanhelp nie. Hy wou deur die opstel van die skeibrief en die getuies juis oorhaastige skeiding teenwerk. Dit beteken dus *nie* dat Moses daarmee 'n nuwe gebod gegee het, wat met God se oorspronklike bedoeling in stryd was nie.

Hardheid van hulle harte – 'n Volgende hou word teen die Fariseërs geplant, wanneer Jesus die "vaders"- wat so deur hulle vereer is – as sondig en verkeerd verklaar. Dit was 'n skande op die voorvaders se naam dat verkeerde begeertes en gebrek aan liefde tot skeiding gelei het. Moses het eintlik mishandeling en miskien moord wou voorkom. Die Fariseërs het nie gesien hoe Moses die mense wou dwing om die huwelik reg te waardeer nie.

Christus baan met Sy antwoord die pad na 'n hoër moraliteit – 'n beter etiese lewe. In wese het die Here Hom dan uitgespreek teen dit wat vroeër toegelaat was. Ons moet leer dat die huwelik nie maar 'n kontrak tussen twee mense is nie, maar iets wat deur God Self daargestel word.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

5 Jul 1882– Dr. HCM Fourie gebore; 6 Jul 1373– Kerkhervormer Johannes Huss gebore; 6 Jul 1916– Audrey Blignaut gebore; 7 Jul 1415- Johannes Huss sterf marteldood deur verbrand te word; 7 Jul 1980– Skrywer Johannes Meintjes oorlede; 8 Jul 1858– Aankoms ds. Dirk Postma in Simonsbaai; 8 Jul 1866– Ds. Dirk Postma neem afskeid van Rustenburg gemeente; 9 Jul 1991– SA word tot die Olimpiese beweging hertoegelaat; 10 Jul 1507– Johannes Calvyn gebore; 10 Jul 1797– Voortrekkerleier Piet Uys gebore; 14 Jul 1888– Pres Brand van die OVS oorlede; 14 Jul 1904– Pres Kruger kom in Clarens Switserland; 16 Jul 1876– Anneksasie diamantvelde aan Kaapkolonie; 18 Jul 1870– Rooms-Katolieke pous onfeilbaar verklaar; 19 Jul 1965– Ingrid Jonker sterf; 20 Jul 1901– Gezina Kruger (egg Pres Paul Kruger) oorlede; 23 Jul 1853– Genl. Andries Pretorius oorlede; 24 Jul 1866– Ds. Andrew Murray (sr.) oorlede; 25 Jul 1971– Dr. Chris Barnard doen die eerste hartaanplanting; 25 Jul 2009– Prof. MCE van Schoor oorlede; 26 Jul 1804– Invoering van die Kerkorde van De Mist; 26 Jul 1876– Genl. Manie Maritz gebore; 26 Jul 1915–Oudste Afrikaanse Dagblad, Die Burger verskyn met dr. DF Malan as redakteur; 27 Jul 1863– Susanna Smit (egg van eerw. Erasmus Smit) oorlede; 29 Jul 1845– Dorp Orignstad word aangeleë.

BEROEPENUUS— op hede geen beroepe— nuus ontvang nie

Ons het wel verneem dat sr Louisa v/d Walt— emeritus-weduwee van wyle ds. Gert v/d Walt oorlede is. D Gert was vroeër van die Gerf kerk Delarey. Die begrafnis sal DV op 21 Jul 2014 plaasvind vanuit die Gerf Kerk Waterberg in Nylstroom

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (9) Dr. W.H. Velema

Vervolg van verlede week

Die spanning tussen die hemelverlange en die opdrag op aarde

Paulus versaaik nie sy roeping op aarde ten gunste van sy verlange om met Christus te wees nie. Sy lewe word gekenmerk deur die spanning tussen die ewig by Christus wees en die taak wat op aarde uitgevoer moet word. Die spanning sou verdwyn as hy net met die hier en nou, of net met die hemel besig sou wees. Ons gelowig besig wees met die hemel kan tot uitdrukking kom in die gebed om sy koms, as die vergestaltung van ons verlange om ewig by Hom te wees. Intussen mag ons ons roeping op hierdie aarde nie vergeet of versaaik nie. Dit beteken om gelowig te lewe in die spanning tussen die ‘alreeds’ en die ‘nog nie’. Die ‘alreeds’ oorheers die een keer, maar meer dikwels is dit die ‘nog nie’. Dit is nodig dat in die prediking op beide gewys word. Miskien is daar mense wat in dié verband van ’n onmoontlike spanning of selfs ’n splitsing wil praat, maar dit is nie houdbaar nie. Dit gaan dááror dat ons vanuit die hede na die toekoms gewys word; en dan weer vanuit die verwagting die krag kry om in die hede te lewe. Ek sluit af met die Maranáta uitroep uit 1 Korintiërs 16: 22, wat oorgeneem en herhaal word in Openbaring 22:17: *“En die Gees en die bruid sê: Kom!”* Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is hieraan ontleen: *Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet”.*

SLOT

DIE KWARTELTJIE- 15 jaar!

Die Kwarteltjie –ons as gemeente se kwartaallikse gemeenteblyd is vanjaar 15 jaar reeds aan die gang. Die volgende uitgawe wil graag op die afgelope 15 jaar fokus. As daar iemand is wat dalk oor hierdie 15 jaar die volledige stel uitgawes opgebou het en dit steeds besit sal ons graag van u hoor. In ons kerkkantoor is daar heelwat ontbrekende uitgawes wat ons nie meer die hand op kan lê nie. Ons sal graag in die voorbereiding van die volgende uitgawe “’n terugkyk op die volle reeks wil bied. Dan vra ons soos altyd ook weer bydraes en artikels van u kant. Daarvoor kan u met die huidige redakteur br. Nandor Sarkady (0723655078) / argief@nhk.co.za skakel.

Vandag – Lukas de Beer 0844009333	23/07– Emalda Kilian 0725116418
* 22/07—Susan Nienaber 0848808820	23/07– Sarel Kruger 0713828988
22/07– Rina Venter 0727736938	27/07– Chantelle Plomp 0747158341
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

**Bate geluk met
u verjaarsdag**

Daar is niks wat my so seermaak nie as wanneer ‘n man wat ek niks van hou nie, my ‘n onverwagte weldaad doen – CJ Langenhoven